

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-3:1, 2**

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.  
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.  
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

## **Loflied: Skrifberyming 5-3:1, 2 (\*:1, 2)**

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede. U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal. Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 89:6, 7 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort. Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is; hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.
- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul beklee met sterkte en onverwinb're mag. Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë. Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gewewe.

Gebed

Skrifberyming 5-2:8, 9 (7:8, 9)

- 8 Het eers sy offerbloed gevloei, / dan sal vir Hom 'n nakroos bloei, en eeu-omvattend bring sy hand / Gods werk voorspoediglik tot stand. Hy sal, vir al sy sielsverdriet, / sy werk aanskou en vol geniet, en deur sy suiwer kennislig / regverdig maak en vryheid stig.
- 9 Dan kom 'n leërskaar hierna / vir wie Hy al die skuld wou dra; en aan Hom word mét grotes mee, / mét magtiges 'n deel gegee, omdat sy siel in lydensnood / vol uitgestort is in die dood, en Hy, deur smaadheid diep gekwel, / by die oortreders is gestel.

**Skriflesing:** Deuteronomium 14:1-2; Matteus 5:1-16

**Kernverse:** Matteus 5:14-16

**Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.**

(Matteus 5:14-16 AFR53)

**Tema:** Ons getuigenis aangaande ons heilige God wanneer iemand sterf

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, op Sondag, 25 Mei, het die Here ons aan die hand van Sondag 22 vraag en antwoord 57 die troos gegee dat ons werklik deel sal hê aan die opstanding uit die dood. In vraag 57 word vir ons gevra: **Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?** Daarop antwoord ons: **Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.**

Dit was na aanleiding van hierdie belydenis en dit wat uit die preek na vore gekom het dat lidmate gevra het: Maar wat van verassing, want in die preek is daar van begrafnis gepraat. In ons gedagtes volg opstanding uit die dood makliker en natuurliker op begrafnis as op verassing. Dan volg daar nog 'n hele klomp vrae, vrae soos: Is verassing verkeerd? Mag 'n Christen hom laat veras?

Om eerlik te wees, ek sou eerder met 'n ander onderwerp wou gespook het as met hierdie een, want in die Bybel word daar nie vir ons gesê dat Christene wat gesterf het begrawe moet word nie. En om 'n Skrifgedeelte te kry waaruit ons kan hoor wat die Here oor hierdie saak sê, was ook nie die maklikste nie. Daarmee wil ek nie sê dat die Here niks vir ons oor hierdie saak sê nie. Ek is oortuig dat Hy wel vir ons sê wat gepas is by sy kinders wanneer dit kom by sterftes. En daar is 'n magdom Skrifgedeeltes waaruit 'n mens kan raaksien watter optrede die meeste eer aan God gaan bring wanneer dit kom by die hantering van die dooies. En 'n mens sal die hele rits Skrifgedeeltes kan hanteer, maar my vraag is: Moet daar 'n lesing gegee word of moet daar gepreek word? My eerste opdrag volgens die bevestigingsformulier is om die Woord van God grondig te ondersoek en suiwer en eenvoudig aan die gemeente te verkondig.

Aan hierdie opdrag wil ek voldoen en daarmee saam dan aan die gelowiges die troos en vermaning van die Here bring, soos wat Hy dit sê. Mag die Here ons hierin genadig wees. Of al wat 'n vraag oor hierdie saak beantwoord sal word, weet ek nie, maar kom ons luister wat ons Here Jesus ons leer.

Broers, susters en kinders, in Galilea het Jesus rondgegaan en in die sinagoges het Hy aan hulle die evangelie van die koninkryk verkondig. Hy het ook elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak. Kort voor lank het die mense oor Hom begin praat. En sommer baie gou was die berigte oor Jesus die hele land vol sodat daar uit elke deel van die land mense na Hom toe aangekom het (Matt 4:23-25).

Toe Jesus hierdie menigte mense rondom Hom sien, het Hy teen die berg opgegaan en gaan sit. En al die mense het rondom Hom kom sit. Toe het Jesus hulle begin leer. Jesus se onderrig is die woorde wat ons vanoggend uit Matteus 5 gelees het. Dit wat Jesus ons hier leer, is vir die mense wat Hom eerste gehoor het en vir ons so anders as waaraan ons gewoon geraak het. Jesus praat van mense wat arm van gees is, treurendes, sagmoediges en vredemakers en Hy noem hulle die gelukkigste van alle mense. En aan die einde van die Saligsprekinge – dit is Matteus 5:3-12 – maak Jesus dit persoonlik wanneer Hy vir ons sê:

**Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. (Matteus 5:11 AFR53)**

In die wêreld waaraan ons gewoon is, is hierdie mense van wie Jesus praat die swakkeling. In mense se oë is hulle die mense wat uiteindelik uit die samelewing uitgestoot word. Hoor dan net: hulle word vervolg en beledig. Dit is nie die soort mense wat in ons oë salig en vol blydskap kan wees nie. Maar as ons Jesus se woorde en die

wêreld waaraan ons gewoon geraak het langs mekaar sien, besef ons dat Jesus met 'n heeltemal ander skaal weeg as wat ons mense gewoonlik doen. Sy beoordeling van mense en ons beoordeling van mense verskil radikaal van mekaar. Jesus se onderrig en die werk wat Hy in hierdie wêreld kom doen het verskil radikaal van wat mense ken.

Daarom is die uitspraak wat Jesus in ons kernvers maak ook net so radikaal anders. Hy sê:

**Julle is die lig van die wêreld.** (Matteus 5:14 AFR53)

Dit het Hy vir daardie mense voor Hom gesê en Hy sê dit ook vir ons vandag. Julle is die lig van die wêreld. Jesus sien sy dissipels heeltemal anders as wat hulle hulleself sien. Die mense wat daar teen die berg by Jesus gesit het, was sy dissipels. Dissipels is mense wat Jesus volg en by Hom leer. Ons is ook dissipels van Jesus, want ons leer by Hom en wil graag agter Hom aan die dinge doen wat Hy doen. Dissipels van Jesus is dus nie sommer maar net gewone mense tussen al die ander gewone mense in hierdie wêreld nie. Hulle is anders.

Nou kan daar dadelik gevra word: Hoekom is die dissipels van Jesus anders as ander mense? In vers 16 gee Jesus vir ons die leidraad waarom sy dissipels anders as ander mense is. Hy praat van **julle Vader wat in die hemele is** terwyl Hy met ons praat. Die almagtige God wat die Vader van Jesus Christus is, word deur Jesus ons Vader genoem. Vir daardie mense wat by Jesus gesit het, sou Jesus nog iets doen sodat hulle verseker kan weet dat God hulle Vader is. Ons wat vandag lewe, weet wat Jesus gedoen het. Ons het dit vanoggend saam met al die Christene oor die wêreld heen bely. Jesus Christus het ons met sy kosbare bloed uit die heerskappy van die duivel en die sonde losgekoop sodat ons nou aan Hom kan behoort. En wanneer ons van harte glo dat Jesus ons ook verlos het, is God ons Vader. Die ander mense wat nog nie in Jesus Christus glo nie, is nog onder die heerskappy van die duivel en die sonde. Hulle is gewone mense – hulle lewe is so donker as wat hierdie wêreld nog donker is as gevolg van die duivel se heerskappy, maar ons is kinders van God.

Omdat God ons Vader is, is ons die lig van die wêreld, want Jesus wat die Seun van God is, sê van Homself:

**Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.** (Johannes 8:12 AFR53)

En omdat ons die lig van die wêreld is, sal ons tussen ander mense uitstaan en behoort ons uit te staan. Jesus sê:

**'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie.** (Matteus 5:14 AFR53)

'n Lamp wat opgesteek is, sal in 'n donker plek raakgesien word. Die verskil tussen die lig van die lamp en die donker in die vertrek is radikaal. 'n Mens vir wie God so duur betaal het, soos wat Hy vir ons met die bloed van sy Seun betaal het, kan onmoontlik nog soos die gewone mense in hierdie wêreld lyk en optree. Omdat die Heilige Gees van Christus in ons aan die werk is, kan ons nie gewoon lyk en optree nie. Ons is die lig van die wêreld.

**'n Mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.** (Matteus 5:15 AFR53)

Selfs kinders verstaan wat ons Here Jesus hier bedoel. 'n Mens steek tog 'n lamp op sodat 'n mens in die lig kan werk anders is dit donker en jy kan nie werk nie. As jy 'n lamp opsteek en onder 'n emmer sit, sal daar nie lig in die vertrek wees nie en uiteindelik sal die lamp onder die emmer ophou brand.

Soos wat die beeld van die stad op 'n berg van toepassing is op ons as die kinders van God, so is hierdie beeld van die lamp wat nie onder 'n emmer gesit word nie ook op ons van toepassing. God het nie sy Seun ter wille van ons aan die kruis geoffer sodat ons daarna maar net so gewoon aangaan soos al die ander gewone mense in hierdie wêreld nie. Deur die geloof wat die Heilige Gees in ons opgewek het, het Christus ons 'n lig van hierdie wêreld gemaak. Hy sit ons op die staander neer – Hy laat ons tussen die ander gewone mense uitstaan as sy kinders sodat ons lig kan skyn te midde van 'n krom en verdraaide geslag. Ons lig skyn in hierdie donker wêreld omdat ons deur die krag van die Gees vashou aan die Woord van die lewe.

Hoekom het die Vader en Christus ons ligte van die wêreld gemaak? Hoekom sit Christus ons op 'n staander neer sodat ons lig in hierdie donker wêreld moet skyn? Jesus gee self die rede:

**Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik. (Matteus 5:16 AFR53)**

In die lig wat van ons af uitstraal, moet die gewone mense in hierdie donker wêreld in staat gestel word om raak te sien hoe groot en hoe goed ons hemelse Vader is sodat hulle Hom kan verheerlik.

Alles in hierdie wêreld wat God geskep het, het Hy geskep met die oog op Homself. Alles moet daarop gerig wees om aan Hom al die eer en dank toe te bring. Uit Hom en deur Hom en tot Hom bestaan alle dinge. Ons is ligte van die wêreld gemaak sodat ons Hom kan verheerlik. Ons ligte moet so helder skyn dat ook die ander gewone mense aan Hom die eer kan bring wat Hom toekom.

Wanneer ons hoor dat Jesus sê ons lig moet so skyn dat die mense ons goeie werke kan sien en God daarvoor verheerlik, verstaan ons dat ons daaglikse handel en wandel daarvan moet getuig dat ons deur Christus verlos is en daarom ligte van die wêreld is. In ons almal is daar egter nog maar dieselfde geneigdheid wat by die Fariseërs was. Alhoewel hulle daarop gesteld was om nougeset die wet van die Here te gehoorsaam omdat hulle gedink het dat hulle so in die hemel sal kom, het hulle maar altyd probeer om die wet te verskraal. Hulle het altyd gekyk hoe min hulle kan doen en hulleself nog steeds op die skouer klop dat hulle die wet gehoorsaam het.

Wanneer ons hoor dat alles in hierdie wêreld daarop gerig moet wees om God te eer, probeer ons om sommige dinge wat ons doen uit hierdie “alles” uit te haal. Ons wil hierdie dinge op ons manier doen en dan regverdig ons onself oor hoekom ons dit so doen en nie soos die Here vir ons aandui nie. En die wonderlikste is dat ons met ons menslike logika onself nog steeds wys maak dat ons “alles” tot eer van God doen.

Nou kan daar gevra word: Sluit die “alles” dan ook in hoe ons by 'n begrafnis optree? Sluit “alles” ook in hoe ek rou wanneer iemand sterf? Ja, geliefdes, “alles” sluit ook daardie optrede van ons in. In Deuteronomium 14 het die Here vir sy volk gesê:

**Julle is kinders van die HERE julle God; julle mag julle ter wille van 'n dooie nie stukkend kerwe of 'n kaalte tussen julle oë maak nie. Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God, en jou het die HERE uitverkies om sy eiendomsvolk te wees uit al die volke wat op die aarde is. (Deuteronomium 14:1-2 AFR53)**

By die Kanaäniete en Filistyne was dit die gebruik om hulleself ter wille van die dooie stukkend te kerf en hulle hare in 'n sekere styl te skeer. In daardie stadium het Israel op die punt gestaan om die beloofde land in te trek. Omdat hulle die kinders van die Here is – Hy het hulle as sy eiendom uitgekies – daarom sal hulle nie op dieselfde manier rou wanneer iemand sterf nie. As die eiendom van die Here moet Israel 'n lig vir die nasies wees.

In die Nuwe Testament sê die Here ook vir ons hoe ons by 'n begrafnis moet huil.

**Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.**

(1 Tessalonisense 4:13 AFR53).

Gelowiges mag huil wanneer 'n geliefde sterf, maar hulle huil soos mense wat weet dat hulle geliefde nie weg is nie, maar by die Here is. En wanneer Jesus op die wolke terugkom, sal hulle nie vergete agterbly nie. Christus sal hulle uit die dood opwek. Christene huil dus soos mense wat vertrou dat Jesus gaan terugkom en die dooies gaan opwek. Ook in die wyse waarop Christene huil, laat hulle hul lig skyn sodat ander mense God kan verheerlik.

Goed, die Here skryf vir ons voor dat ons nie soos die heidene moet tekere gaan wanneer iemand gesterf het nie. Maar dui Hy ook vir ons aan hoe ons met ons gestorwenes moet maak? Was die verbranding van lyke in die Bybelse tyd bekend? Inderdaad, lykverbranding was in die Bybelse tyd bekend. Die Grieke en die Romeine het dit gedoen. By die Indiërs en die Assiriërs was dit ook destyds al 'n bekende gebruik. Op die besonderhede wil ek nie nou ingaan nie, daar is genoeg hieroor geskryf. (Sien hieronder inligting oor artikels wat gelees kan word.)

Wanneer 'n mens die Bybel deurlees, hoor 'n mens al van Genesis 4 af van sterftes. Maar dit is eers wanneer Sara sterf dat ons hoor wat die gelowige doen met 'n geliefde wat sterf. Abraham het haar begrawe in die graf wat hy by Efron, die Hetiet, teen 'n aansienlike bedrag gekoop het (Gen 23). Van daar af hoor ons telkens dat die dooies begrawe is. Dit was die normale praktyk. Om nie begrawe te word nie, was 'n skande en soms ook 'n oordeel van die Here, soos in die geval van die bese koningin Isebel (1 Kon 21:23-24). In die Nuwe Testament hoor ons net van begrafnisse.

Ons lees ook van lyke wat verbrand is in die Ou Testament. Maar ons moet mooi oplet in watter gevalle dit wel gebeur het. In Josua 7 lees ons van Agan wat van die bangoed van Jerigo vir homself gevat het. Die Here se oordeel oor hom was dat hy en sy mense met klippe doodgegooi moes word en dan moes hulle verbrand word.

In 1 Samuel 31 lees ons dat die mense van Jabes Saul en sy seuns se lyke van Bet-San se muur afgehaal het waar die Filistyne hulle vasgespyker het nadat hulle die koppe van die lyke afgesny het. Om te keer dat die liggeme nog verder vermink word, is hulle lyke verbrand en hulle bene is begrawe. En in Amos 6:10 lees ons van lyke wat verbrand word. Dit is as gevolg van die beleëring van die stad net voor die ballingskap as straf op die volk. Die mense kon nie uit die stad uitgaan om te begrawe nie en daarom is die lyke verbrand om te keer dat pes in die stad uitbreek.

Die verbranding van lyke het dus in baie uitsonderlike gevalle gebeur, soos met Saul en sy seuns en toe Jerusalem beleër is, of wanneer die oordeel van die Here oor daardie mens uitgespreek is. Maar daar is twee sterftes in die Bybel waarby ons goeie God baie persoonlik betrokke was en ons moet tog goed luister wat die Here self gedoen het. Toe Moses gesterf het, het die Here hom self in 'n vlakte in Moab begrawe (Deut 34:6). En toe Jesus gesterf het, is Hy begrawe, want dit is hoe God dit al deur Jesaja laat profeteer het (Jes 53:9).

Wanneer ons dan begrafnis opweeg teen lykverbranding, soos wat die Here dit vir ons in die Skrif aanbied, lyk dit vir my asof die Heilige Gees vir ons die rigting van begrafnis aandui en nie verassing soos wat dit al meer en meer die mode word nie. Verassing van lyke kom uit die heidense volke, want gelowiges het van die begin af hulle dooies begrawe.

Nadat ons dit gesê het, moet ons nou terugkom na die onderrig wat die Here ons vanoggend uit Matteus 5 gegee het. In alles wat ons doen, moet ons lig so skyn dat die mense ons werke kan sien en God kan verheerlik. Dit wil sê, hoe ons met ons dooies maak, is steeds 'n getuienis wat van ons uitgaan. Wat ek oor my eie liggaam besluit nadat ek gesterf, is 'n getuienis wat uitgaan.

Omdat ek met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort in lewe en in sterwe, kan ek nie met my liggaam doen wat ek wil nie. Selfs die liggaam waaruit die Here die lewe geneem het, behoort nog aan die Here. Daarom moet ek so 'n liggaam met die nodig eerbied en respek vir die Here hanteer. Selfs 'n sekulêre staat soos ons s'n het wette teen die verminking van lyke. Die weg wat die Here vir ons aandui, is om die dooies te begrawe waar die liggaam deur die natuurlike prosesse wat die Here vasgestel het, sal vergaan. En wanneer ek begrawe word, getuig ek van my geloof in die Here wat weer my liggaam sal opwek in 'n heerlijkheid gelyk aan die heerlike liggaam van ons Here Jesus.

Maar wanneer ek besluit verassing is die weg wat ek wil volg, watter getuienis gee ek dan? Na my oordeel getuig 'n mens dat jou liggaam eintlik niks werd is nie. Dit is net die siel wat belangrik is. Dan redeneer ek soos die heidense Grieke. En in elk geval, hoe gaan ek kan teenoor 'n Hindoe wat ook sy dooies verbrand kan getuig van die hoop wat in my lewe as ek dan soos hy verassing gekies het? Ek gaan baie eerder deur middel van 'n begrafnis van die hoop kan getuig as deur middel van verassing.

Kom ons sluit af met hierdie laaste vrae wat miskien nou by u opgekom het. Is dit dan 'n sonde om veras te word? Kan mense wat veras is ook uit die dood opgewek word? Omdat die Here nie sê dat verassing sonde is nie, kan ek dit ook nie doen nie. Maar wat jy ook al besluit, vra jousef af: Wat wil ek van my Here getuig wanneer dit kom by my eie dood? Wanneer ons die vraag beantwoord, weet ons mos dat die verbranding van lyke verband hou met die oordeel van die Here as daar nie uitsonderlike omstandighede is, soos siekte of oorlog, nie.

Op die tweede vraag is die antwoord: Ja, inderdaad. God sal uit daardie as van iemand wat veras is sy liggaam opwek. Moenie vra hoe nie, want ons God is mos almagtig. Niks is vir Hom onmoontlik nie. En buitendien, Hy sê self dat elke mens wat op die aarde geleef het op die laaste dag voor die regterstoel van Jesus Christus sal verskyn. Ook daardie mense wat veras is, sal daar verskyn.

Geliefdes, die Bybel is nie 'n handboek om vir elke omstandigheid in ons lewe 'n klinkklare antwoord te gee nie. Die Here beveel nie woordeliks dat gelowiges begrawe moet word nie. Maar ek weet en vertrou dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan my troue Saligmaker, Jesus Christus behoort. Daarom wil ek Hom en sy Vader wat ook my Vader in die hemel is, in lewe en in sterwe met my siel en my liggaam verheerlik. Mag ons almal oral en altyd so deur die Gees gelei word om ons lig in hierdie wêreld te laat skyn.

**Amen!**

Gebed

Slotpsalm 43:3, 4, 5 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!  
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,  
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.
- 4 Dan gaan ek in na Gods altare, / tot God, my God, my vreugde<sup>en</sup> lied;  
dan speel ek met die harpenare, / dan ruis vir U my blye snare –  
vir U wat my, ná kort verdriet, / 'n ewige vreugde bied.

- 5 My siel, wat treur jy nog verslae / en is onrustig in jou lot?  
Berus slegs in Gods welbehag; / strek uit jou hoop na beter dae.  
Verrys, herleef op sy gebod – / my redder is my God!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Ds Coenraad Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**20 Julie 2014**

DE KLERK, B.J. 1950. Lykverbranding. *In: Almanak van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika vir die jaar 1950, p. 105-113.*

LATEGAN, D. 1941. Kremasie of lykverbranding. *In: Koers in die Krisis 3, p. 144-155. Red. HG Stoker en JD Vorster. Stellenbosch : Pro Ecclesia-Drukkery.*

LINDHOUT, A. ? Kremasie in die lig van die Bybel. [http://www.enigstetroos.org/pdf/ALindhout\\_Kremasie.pdf](http://www.enigstetroos.org/pdf/ALindhout_Kremasie.pdf)